Publication: Rapport (Gauteng), First Edition
Date: Sunday, July 11, 2021

# Is dit dan Good-bye Patricia de Lille?

**Dawie Boonzaaier**

Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur en leier van die Good-party, oorweeg dit glo om ná vanjaar se munisipale verkiesing uit te tree.

Bronne na aan De Lille beweer sy het in informele gesprekke genoem dat sy teen die einde van die jaar wil uittree. Toe *Rapport* die 70-jarige daaroor pols, het De Lille beweer die bewerings is 'n "uitvinding van sogenaamde bronne".

Sy het dit egter nie ontken nie. "Ek sal my planne om uit te tree self aankondig, as en wanneer daardie tyd kom, en direk aan die land se mense.

"Ek gaan nie staatmaak op gesiglose, naamlose sogenaamde bronne om dit (die aankondiging) te maak nie."

Die spesiale ondersoekeenheid (SOE) ondersoek De Lille se departement in verband met die toekenning van 'n tender van R37 miljoen vir 'n heining by die Beitbrug-grenspos. Ingevolge 'n bevel deur die spesiale tribunaal in Oktober verlede jaar, moet die kontrakteurs die geld wat hulle ontvang het vir die oprig van die draad van 40 km tussen Suid-Afrika en Zimbabwe terugbetaal omdat dit nie aan die norme voldoen het nie.

Die SOE, wat bevind het daar was verskeie ongerymdhede in die toeken van die kontrak, ondersoek of amptenare die regte prosedure gevolg het.

De Lille se toekoms in die kabinet is glo ook in gedrang.

ANC-bronne beweer dat sy nie 'n kabinetskommeling sal oorleef nie. Kabinetskuiwe deur pres. Cyril Ramaphosa word binnekort verwag nadat hy verlede week die SOE-verslag ontvang het oor dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, se aandeel in die toeken van 'n R150 miljoen-kontrak aan Digital Vibes, 'n onbekende kommunikasiemaatskappy wat bande met Mkhize en sy familie het.

Mkhize is sedert verlede maand op spesiale verlof. Die verwagting is dat hy die trekpas sal kry indien die SOE hom direk met die Digital Vibes-sage verbind.

ANC-bronne sê De Lille kan plek maak vir 'n ANC-amptenaar van KwaZulu-Natal, waar Ramaphosa sy steun moet konsolideer ná die inhegtenisneming van oudpres. Jacob Zuma Woensdagnag. Onluste woed sedertdien.

Good het die afgelope week begin met onderhoude vir kandidate vir die munisipale verkiesing op 27 Oktober.

Die party het twee setels in die parlement en een setel in die Wes-Kaapse wetgewer.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.